Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2016

# EKONOMIE V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*IECONA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord slegs EEN vraag.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

4. Lees die vrae sorgvuldig deur en begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

6. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe-vlakke van die vrae voldoen.

7. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde meer as die vereiste aantal sal NIE nagesien word NIE.

8. Gebruik slegs blou of swart ink.

9. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 15 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae voorsien. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A tot C) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.8) neer in die ANTWOORDEBOEK, bv. 1.1.9 C.

1.1.1 Die vergoeding vir minerale regte is …

A wins.
B tantieme.
C huur.

1.1.2 Die waarde van die finale uitsette vervaardig deur die inwoners van ŉ land ongeag waar hulle is, is die …

A bruto plaaslike produk.
B bruto nasionale produk.
C bruto nasionale inkomste.

1.1.3 Watter van die volgende is ŉ kenmerk van ŉ vrye-mark ekonomie?

A Innovasie
B Motivering
C Keuse

1.1.4 Die sekondêre sektor in SA, volgens die nasionale rekeninge, bestaan uit die...-industrieë.

A elektrisiteit
B vervoer
C mynbou

1.1.5 Die staat se rykdom sluit ongespandeerde gelde en saldo's in soos …

A beleggings.
B paaie.
C bank deposito's.

1.1.6 ŉ Doelgeboude nywerheidslandgoed in SA wat van invoertariewe vrygestel is, word ŉ ... genoem.

A ROI
B NOS
C MOD

1.1.7 Die prys wat leners betaal om geld te geniet wat hulle nie besit nie:

A Repo-koers
B Rentekoers
C Prima koers

1.1.8 Die wisselkoers met buitelandse valuta is dieselfde vir alle lede van die unie:

A Vryhandegebied
B Doeane unie
C Monetêre unie (8 × 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat pas met ŉ terme in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A tot I) neer langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Ekonomiese huur | A | Dienste soos vervoer en kommunikasie |
| 1.2.2 | Nie-duursame goedere | B | Betaling gemaak vir die gebruik van produksiefaktore wat beperk in aanbod is |
| 1.2.3 | Ekonomiese stelsel | C | Rykdom wat oorgedra word van een generasie tot die volgende generasie |
| 1.2.4 | Infrastruktuur | D | Word verbruik of vernietig in die proses wanneer dit gebruik word |
| 1.2.5 | Erflatings | E | Die persentasie mense wat leef op ŉ inkomste wat onder die armoedelyn is |
| 1.2.6 | Koptelling-indeks | F | ŉ Meganisme om die probleem van skaarsheid en keuses aan te spreek |
| 1.2.7 | Omruil-waarde | G | Dek risiko's in verband met goedere en dienste |
| 1.2.8 | Ekonomiese vryheid | H | Verwys na wat geld kan koop |
| | | I | Individu is vry om hul professie en handel sonder staatsinmenging te doen |

(8 × 1) (8)

1.3 Identifiseer die konsep wat in elk van die volgende stellings beskryf word. Skryf slegs die terme langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Uitsette wat deur ander besighede as insette gebruik word

1.3.2 Handel met die gedrag en besluitneming van die hele ekonomie

1.3.3 Besteding op buitelandse goedere wat van BBP afgetrek word

1.3.4 Die voorsiening van basiese gesondheidsdienste aan die gemeenskap as ŉ geheel

1.3.5 Skaars hulpbronne waarvoor mense bereid is om voor te betaal

1.3.6 Gebeur wanneer die kapitaalvoorraad groei teen dieselfde koers as die arbeidsmag (6 × 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord TWEE uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.


**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 20 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae:

2.1.1 Lys TWEE metodes om die BBP te bepaal. (2 × 1) (2)

2.1.2 Waarom is dit belangrik vir die regering om die verkrygingstelsel te gebruik? (1 × 2) (2)

2.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.




2.2.1 Noem die industrie van die primêre sektor wat in die bogenoemde prent verteenwoordig word. (2)

2.2.2 Onderskei tussen die verhouding van die primêre en sekondêre sektor. (2)

2.2.3 In jou eie opinie, verduidelik die oorsaak van die verkoop van onklaar meubels. (2)

2.2.4 Waarom is die bydrae tot BBP belangrik in die primêre sektor? (4)

2.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**FINALE VEBRUIKSBESTEDING**

| **ITEMS** | **2013** | **2014** |
|---|---|---|
| Huishoudings | 1,8 | 0,8 |
| Algemene owerheid | 0,7 | 0,4 |
| Bruto vaste kapitaalvorming | 1,5 | -0,1 |
| Verandering in inventarisse | -1,2 | -0,1 |
| Netto uitvoere | 0,7 | 0,9 |
| Residu | -1,3 | -0,4 |
| **Bruto binnelandse besteding** | ***(A)* 2.3.4** | 1,5 |

[Bron: *SARB Kwartaallikse Bulletin Maart* 2015]

2.3.1 Verduidelik die term *finale verbruiksbesteding*. (2)

2.3.2 Voorsien 'n letter wat gewoonlik *Bruto vastekapitaal vorming* aandui. (2)

2.3.3 Waarom is dit belangrik vir die ekonomie om die BBP te gebruik? (2)

2.3.4 Bereken die BBB in die bogenoemde tabel genommer **(A)**. Toon al jou bewerkings. (4)

2.4 Verduidelik hoe natuurlike hulpbronne ons lewens verryk. (4 × 2) (8)

2.5 Hoe belangrik is vervoerinfrastruktuur vir die ekonomie? (4 × 2) (8)
**[40]**


## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 20 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Noem TWEE bronne om ongelykheid te meet. (2 × 1) (2)

3.1.2 Waarom word geld as ʼn rekeneenheid gebruik? (1 × 2)? (2)

3.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.2.1 Noem die kurwe wat die *Lorenz-kurwe* verteenwoordig. (2)

3.2.2 Verduidelik die terme *Lorenz-kurwe*. (2)


3.2.3 Wat sal gebeur as die *Lorenz-kurwe* weg van die lyn van gelykheid is? (2)

3.2.4 Waarom is inkomste en rykdom in ʼn land soos Suid-Afrika so oneweredig verspreid? (4)

3.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die kolomgrafiek hieronder en beantwoord die vae wat volg.

SUID-AFRIKAANSE VERBRUIKERSINDEKS (VPI)




Bron: www.tradingeconomics.com STATISTIEK SUID-AFRIKA

3.3.1 Verduidelik die term *Verbruikersprys-indeks* (*VPI*). (2)

3.3.2 Noem die instansie wat die VPI gebruik om hooflyn-inflasie te meet. (2)

3.3.3 Volgens die tabel, wanneer was die VPI gepubliseer? (2)

3.3.4 Verduidelik kortliks hoe word VPI bereken. (4)

3.4 Verduidelik *lae lewensverwagting* en *tekort aan onderwys* as eienskappe van 'n ontwikkelende land. (2 × 4) (8)

3.5 Verduidelik kortliks die soorte *ekonomiese gemarginaliseerde groepe*. (4 × 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

**40 PUNTE – 20 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae:

4.1.1 Lys enige TWEE kragte wat rentekoerse bepaal. (2 × 1) (2)

4.1.2 Verduidelik die term *reële lone*. (1 × 2) (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Nasionale waterweek: Water vir mense, Water deur mense**



Die Minister van Water en Sanitasie het amptelik die Nasionale Waterweek bekendgestel met die tema 'Water vir Mense Water deur mense", wat as 'n veldtog – meganisme van die Departement van Water en Sanitasie dien. Die doel van die Waterweek is gemik op die herbeklemtoning van die belangrikheid van water, die skaarsheid van die hulpbron, asook die nodigheid om die bestuur van die hulpbron op 'n volhoubare manier doen wat die belangrikheid vir armoede verligting en onder ontwikkeling beklemtoon. 'Waterweek-2016' word gehou omdat die land ergste droogte in die gesig staar wat deur groot dele van die land geaffekteer was, ook talle huishoudings sonder watertoevoer gelaat het, asook landbou en veeboere, in besonder, geraak het. As gevolg van die droogte het baie Suid-Afrikaners met talle droogte-bestuursvoorstelle gekom en hulle het die regering by die noodsaaklikheid van hierdie programme, ingetrek om waterbewaring en die effektiewe bestuur van die skaars hulpbron, te hanteer.

[Aangepas uit *P.E. express* 16 Maart 2016]

4.2.1 Watter produksiefaktor word uit bogenoemde uittreksel verteenwoordig? (2)

4.2.2 Wie is die **huidige** Minister van Water en Sanitasie? (2)

4.2.3 Wat is die doel van die 2016-Waterweek? (2)

4.2.4 Hoe word die Suid-Afrikaanse ekonomie deur droogte affekteer? (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Buitelandse handel en betalings**

Die toename in globale vraag het kommoditeitspryse laat styg en Suid-Afrikaanse vervaardigers se 'uitvoer-inkomste' verhoog en dit het 'n vaste verbreding van 'n surplus op handelsrekening op die betalingsbalans gebring.

In die eerste helfte van 2011 was invoere meer sterker as uitvoere, wat 'n kleiner handelsurplus in die eerste en tweede kwartaal teweeggebring het. Hierdie ontwikkelings, asook 'n matige styging in die tekort op dienste, inkomste en lopende rekening van die betalingsbalans, het 'n styging op die lopende rekening vanaf 1% op die BBP in die vierde kwartaal van 2010 tot 3,1% en 3,3% in die eerste en tweede kwartaal van 2011 veroorsaak.

[Aangepas uit: S.A. Jaarboek 2011/2012]

4.3.1 Verduidelik die term *buitelandse handel*. (2)

4.3.2 Waar word die land se handel met ander lande opgeteken? (2)

4.3.3 Wat toon die saldo op die lopende rekening? (2)

4.3.4 Hoe balanseer meeste lande die *tekort* op die betalingsbalans? (2 × 2) (4)

4.4 Verduidelik kortliks hoe *doeltreffendheid* en *skepping van nuwe rykdom* as belangrikheid is vir 'n entrepreneur. (4 × 2) (8)

4.5 Hoe word inkomste in SA herversprei? (4 × 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die volgende twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**PUNTETOEKENNING VIR OPSTELVRAE**

| **STRUKTUUR VAN OPSTEL:** | **PUNTE-TOEKENNING:** |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br><br>**Hoofgedeelte:** Bespreek / Onderskei / Vergelyk / Verduidelik / Analiseer / Differensieer / Evalueer / Assesseer<br>**Addisionele gedeelte:** Gebruik / Teken ʼn grafiek / diagram … / Debatteer … / Onderskei / Verduidelik kortliks / Brei uit ... / Gee eie opinie | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br><br>Enige toepaslike hoër orde slot wat die volgende behoort in te sluit:<br>• ʼn Kort opsomming van wat bespreek is / ontleed sonder om reeds genoemde feite, in die inhoud, te herhaal<br>• ʼn Mening of gewaardeerde oordeel oor die bespreekte feite<br>• Addisionele ondersteunende inligting om bespreking te versterk / ontleding<br>• ʼn Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

*Suid-Afrika het ʼn besluit geneem om ʼn gemengde mark ekonomiese stelsel te gebruik wat die voordele van beide die mark en sentraal beplande ekonomiese stelsels insluit.*

- Verduidelik kortliks die voordele van ʼn gemengde ekonomie. (26 punte)
- Waarom word die Suid-Afrikaanse ekonomie as ʼn gemengde ekonomie beskou? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

*In Suid-Afrika het baie klein banke uit besigheid gegaan in die afgelope jare. Hierdie mislukkings kan toegeskryf word aan tipiese risiko's wat banke neem en wanbestuur.*

- Bespreek die verskillende redes vir mislukkings verwant aan bankrisiko's. (26 punte)
- Hoe sukkel deposante en aandeelhouers as banke misluk? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou